

## Luistertoets

# **Nul is nie niks nie**

Jaco Jacobs

*Geskik vir Graad 7 HT en Gr 8 en 9 EAT*

1. **Pre-luister** na die teks: die onderwyser kan vooraf 'n gefokusde vraag stel wat die leerders moet beantwoord nadat hulle die eerste keer na die teks geluister het.
2. **Tydens luister**: Die luisterteks kan verskeie kere gelees word, of voorgespeel word. In die geval van hierdie toets word aanbeveel dat die video en die liedjie geluister en gekyk word. Daarna kan die onderwyser die lirieke van die liedjie voorlees. In die geval van EAT leerders kan die liedjie en video daarna weer 'n keer gekyk en geluister word.
3. **Post luister**: Leerders beantwoord die onderstaande vrae.

**Die skakel na die liedjie:** [https://youtu.be/S\\_0rqlGzam4](https://youtu.be/S_0rqlGzam4)

**Die teks:**

Nul Is Nie Niks Nie

Nul is nie niks nie

'n Einde begin, ek jok nie aspris nie

Die middel van die storie

Kruip weg in jou vrees

Die dood wil oorheers

Doodstil sal ons wag vir die einde van jou storie

Ons leef nie vir nou nie

Ons leef nie vir jou nie

Ons leef nie vir nou nie

Ons leef nie vir jou nie

My laaste asem deel ek graag met jou

Dis nie nodig om oor my te rou

My dankoffer sal vir altyd hou

Onskatbaar toegevoeg

My laaste asem deel ek graag met jou

Dis nie nodig om oor my te rou

My dankoffer sal vir altyd hou

Onskatbaar toegevoeg

Deel jou seer met Jesaja

Skree met 'n fluister

Stilsit en luister, 'n gesprek met myself

Ons, ons stap uit ons dooie  
Bestaan vir 'n rede  
Aangenaam verras as ons volluit lewe

Nul is nie niks nie.  
'n Einde begin, ek jok nie aspris nie  
Die middel van die storie

My laaste asem deel ek graag met jou  
Dis nie nodig om oor my te rou  
My dankoffer sal vir altyd hou  
Onskatbaar toegevou  
My laaste asem deel ek graag met jou  
Dis nie nodig om oor my te rou  
My dankoffer sal vir altyd hou  
Onskatbaar toegevou

Musiek deur Almero en Bouwer Bosch

Luister na die liedjie en beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is die tema wat in die liedjie aangespreek word? (1)
2. Gee 'n sinoniem vir die woord **jok**. (1)
3. Waarom kruip die persoon weg in sy vrees? (1)
4. Die intensiewe vorm van **stil** word gebruik in die liedjie. Skryf die woord neer. (1)
5. Die persoon kruip weg vir sy vrees. Dink jy dit is 'n goeie oplossing? Verduidelik jou antwoord. (2)
6. Hoekom is dit nie nodig om oor die persoon, wat sterf, te rou nie? (1)
7. Na watter boek in die Bybel word verwys? (1)
8. Wat is die rede vir ons bestaan? (1)
9. Vul die regte woord in: Skree met 'n fluister  
Stilsit en \_\_\_\_\_ . (1)

**Antwoorde:**

1. dood (1)
2. leuen (1)
3. Die dood wil oorheers (1)
4. doodstil (1)
5. Nee dit is 'n tydelike oplossing. Om oor jou vrees te kom moet jy daaraan werk en iets daaraan doen. (2)
6. Sy dankoffer sal vir altyd hou (1)
7. Jesaja (1)
8. Ons moet voluit lewe (1)
9. luister (1)